

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2023

10712
REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

16 bladsye + 1 formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordboek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt.
7. Jy kan die Formuleblad met Finansiële Aanwysers aangeheg aan die einde van hierdie vraestel gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	BTW en Bankversoening	35	25
2	Koste Rekeningkunde	40	35
3	Kontantbegroting	40	35
4	Voorraadwaardasie en Interne Kontrole	35	25
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BTW EN BANKVERSOENING

(35 punte; 25 minute)

1.1 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die volgende inskrywings verwys na RAIMI Winkels vir die BTW periode geëindig 31 Augustus 2023. 'n Standaard tarief van 15% op BTW is van toepassing.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** – **(c)**, in die onderstaande tabel. (8)

1.1.2 Dan Sols koop gereeld elektriese toerusting van RAIMI Winkels. Die eienaar, Saad het aan Dan 'n spesiale prys van R40 000 (BTW inklusief) op sy aankope in plaas van die normale prys van R46 000 aangebied, op voorwaarde dat Dan kontant sal betaal en daar geen dokumentasie ter sprake is nie.

Adviseer Dan wat hy moet doen. Verskaf EEN punt. (2)

INLIGTING:

A. Transaksies op 31 Augustus 2023:

	BTW eksklusief	BTW betaalbaar	BTW inklusief
Goedere deur debiteure teruggestuur	16 800	2 520	(a)
Aankope van handelsvoorraad		(b)	379 500
Totale verkope	821 000	(c)	

LET WEL: Totale verkope sluit nulkoers items in wat vir R10 200 verkoop moes word. Die boekhouer het BTW van R1 530 op hierdie goedere ingesluit. Dit moet reggestel word.

1.2 BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

Die volgende inligting verwys na Zay Handelaars vir Junie 2023.

LET WEL: Die amptelike bankstaat wat vir rekonsiliasie gebruik word, word maandeliks op die 25ste aan die onderneming per e-pos gestuur.

GEVRA:

- 1.2.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale aangeteken moet word deur die tabel in die ANTWOORDBOEK te voltooi. (11)
- 1.2.2 Bereken die Bankrekeningsaldo op 30 Junie 2023. (4)
- 1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2023 op. (8)
- 1.2.4 Die ouditeur het probleme ten opsigte van deposito's geïdentifiseer. Verduidelik en haal EEN bewys aan. (2)

INLIGTING:**A. Uittreksel van die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2023:**

Uitstaande deposito's:	9 Junie 2023	22 420
	30 Junie 2023	65 164
Uitstaande EFO:	Nr. 118	8 234
Uitstaande EFO:	Nr. 121	14 350
Gunstige banksaldo volgens die Bankrekening in die Algemene Grootboek		65 000

- LET WEL:**
- Die uitstaande deposito op 30 Junie 2023 verskyn wel op die Bankstaat van Junie, maar die deposito van 9 Junie word as R12 420 getoon.
 - EFO 121 verskyn op die Junie Bankstaat met die korrekte bedrag van R13 450.
 - Alle ander inskrywings verskyn korrek op die Junie Bankstaat.

B. Die voorlopige totale van die Junie Kontantjoernale, voordat die Junie Bankstaat ontvang is, beloop:

- Kontantontvangstejoernaal, R610 400
- Kontantbetalingsjoernaal, R568 300

C. Inligting op die Junie Bankstaat ontvang van Perfek Bank wat nie in die Kontantjoernale van Junie verskyn nie:

- Transaksiefooie van R890
- Rente op kredietsaldo R108
- 'n Debietorder ten gunste van Die Stadsraad vir water, elektrisiteit en dienste, R25 100.
- 'n Deposito van R42 200 van Groei Bank ten opsigte van die vaste deposito wat verval, insluitend rente.
- EFO 182 vir R3 121 ten gunste van Ace Motorhuis Handelaars is in die korrekte joernaal aangeteken. Perfek Bank het die bedrag twee keer op die Junie Bankstaat getoon. Die bank het ons in kennis gestel dat hulle dit op die volgende Bankstaat sal regstel.
- Debiteur, I. Pay, het op 26 Junie 2023 aan Zay Handelaars bewys gestuur van 'n direkte deposito in die besigheidsbankrekening van R7 860, wat 'n betaling op haar rekening is. Die boekhouer het dit in die KBJ aangeteken.
- OTM onttrekking deur Zay, die eienaar, vir eie gebruik, R6 000.

D. Die volgende inskrywing het slegs in die Kontantjoernale vir Junie 2023 voorgekom:

- 'n Deposito van R10 000 (gedateer 29 Junie 2023)
- EFO Nr. 188, R6 780
- EFO Nr. 189, R2 468

E. Bankstaat saldo 30 Junie 2023, ...?

VRAAG 2: KOSTE REKENINGKUNDE
(40 punte; 35 minute)
2.1 KONSEPTE

Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

2.1.1 Primêre koste bestaan uit direkte arbeid en (direkte materiaal/ fabrieksbokoste).

2.1.2 Advertensie is deel van (administratiewe/verkoops- en verspreidings) koste.

2.1.3 (Veranderlike/Vaste) koste verander wanneer die hoeveelheid goedere wat vervaardig word, verander.

(3 x 1) (3)

2.2 JC ELEKTRONIKA

Jy word voorsien met die inligting rakende JC Elektronika vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. Die onderneming vervaardig LED flitse.

GEVRA:

2.2.1 Stel die volgende nota's tot die Produksiekostestaat op:

- Direkte arbeidskoste (4)
- Fabrieksbokoste (12)

2.2.2 Stel die Produksiekostestaat op. (4)

INLIGTING:
A. Voorraadsaldo's:

	28 Februarie 2023	1 Maart 2022
Direkte grondstofvoorraad		
Goedere-in-bewerking voorraad	?	R260 000
Indirekte (fabriek) materiaalkoste voorhande	R11 400	
Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting	R412 500	R242 500

B. Direkte arbeidskoste:

Die boekhouer het die direkte arbeidskoste as R1 132 030 bereken.

Hy het egter die volgende foute gemaak wat nog aangesuiwer moet word.

- Die verkoops persoon se kommissie van R8 575, is as direkte arbeid aangeteken.
- Hy het 225 uur se oortyd vir produksiewerkers vasgelê deur die kantoorwerkers se oortydtarief te gebruik.

Opsomming van tariewe per departement:

	Produksie werkers (R)	Kantoor werkers (R)	Verkoops- personeel (R)
Normale tyd	210		155
Oortyd	320	295	

C. Syfers verskaf deur die boekhouer op 28 Februarie 2023:

Water en elektrisiteit	R110 500
Huuruitgawe	R133 100

D. Fabrieksboekoste:

Die boekhouer het die fabrieksboekoste as R356 310 bereken.

Die volgende aansuiwerings moet nog in ag geneem word:

- 10% van die water en elektrisiteit is deur die kantoor gebruik. Die fabriek het die res gebruik.
- Huur is tot 31 Januarie 2023 betaal. Huur word volgens die vloeroppervlakte tussen die verskillende afdelings verdeel. Die vloeroppervlakte van die perseel is 1 500 vierkante meter.

	Fabriek	Kantore	Verkoop
Vloer oppervlakte	?	450 m ²	450 m ²

- 'n Bedrag van R8 400 vir versekering is akkuraat na die Administrasie Kosterekening oorgedra. Versekering word in die verhouding van 3 : 2 : 1 onder die fabrieks-, administrasie- en verkoopsafdelings toegeken.
- Slegs 80% van indirekte materiaal is gebruik.
- Waardevermindering op fabriekstoerusting is korrek in die Vaste Bateregister aangeteken, maar is nie in die Bokoste Nota aangeteken nie. Geen bates is van die hand gesit nie.

E. Totale produksie koste:

R3 971 120 (na in agneming van alle aansuiwerings en foute)

F. Produksie:

23 750 flitse is gedurende die jaar vervaardig teen 'n koste van R172 per eenheid.

2.3 BESWANA VERVAARDIGERS

Die volgende inligting rakende Beswana Vervaardigers wat verskillende produkte produseer, word aan jou voorgelê: Beswana handsakke en Beswana selfoonsakkies.

GEVRA:

- 2.3.1 Verwys na die boekhouer se berekening van veranderlike koste per eenheid vir handsakke:
- Identifiseer die produksiekoste wat die grootste probleem met die vervaardiging van handsakke veroorsaak het. Verduidelik en haal syfers aan om jou antwoord te staaf.
 - Gee TWEE moontlike, praktiese oplossings aan Beswana Vervaardigers. (6)
- 2.3.2 Verwys na die boekhouer se berekening van veranderlike koste per eenheid vir selfoonsakkies:
- Gee TWEE redes vir die afname in die direkte materiaalkoste. (4)
- 2.3.3 Doen 'n berekening om te bewys dat die 2023 gelykbreekpunt van 51 021 eenhede vir selfoonsakkies, inderdaad korrek is. (3)
- 2.3.4 Lewer kommentaar op die produksievlakke van selfoonsakkies. Behoort Beswana Vervaardigers tevrede te wees met die produksievlak behaal in 2023 vergeleke met 2022? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

INLIGTING:

	Beswana handsakke		Beswana selfoonsakkies	
	2023	2022	2023	2022
Totale vastekoste (Rand)	3 800 000	3 750 000	2 500 000	2 000 000

Totale veranderlike koste per eenheid:	R120,00	R104,50	R41,00	R42,00
Direkte materiaalkoste per eenheid	R35,00	R35,00	R20,00	R23,00
Direkte arbeidskoste per eenheid	R75,00	R60,00	R17,00	R16,00
Verkoops en verspreidingskoste per eenheid	R10,00	R9,50	R4,00	R3,00

Verkoopprys per eenheid	R430,00	R500,00	R90,00	R80,00
Aantal eenhede geproduseer en verkoop	16 000 eenhede	15 000 eenhede	70 000 eenhede	60 000 eenhede
Gelykbreekpunt	12 258 eenhede	9 482 eenhede	51 021 eenhede	52 632 eenhede

VRAAG 3: KONTANTBEGROTING

(40 punte; 35 minute)

3.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.

- 3.1.1 'n Kontantbegroting word voorberei om toekomstige ontvangstes en uitgawes te voorspel.
- 3.1.2 'n Nul-gebaseerde begroting word jaarliks van vooraf opgestel.
- 3.1.3 Die kapitaal uitgawe begroting is 'n begroting van hoe die eienaar se kapitaal spandeer gaan word.

(3 x 1) (3)

3.2 OSBORNE BEDRYWIGHEDE

Jy word voorsien van die inligting rakende Osborne Bedrywighede, 'n onderneming wat skoonmaakmiddels en skoonmaakprodukte aan die publiek verskaf. Die onderneming word besit deur Donny Osborne en sy suster Marie.

GEVRA:

- 3.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk 1 Mei 2023 tot 30 Junie 2023.

(8)

- 3.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(i)** tot **(v)** in die Kontantbegroting vir Mei 2023 en Junie 2023.

(15)

- 3.2.3 **Verwys na Inligting D.**

Marie het vir Donny oortuig om 'n aflewerings voertuig op 1 Mei 2023 aan te koop. Donny het ingestem maar hy verkies om die dienste van Mangray Vervoerders te gebruik, aangesien hulle onbeperkte kilometers teen 'n vastetermyntontrak aanbied.

Noem TWEE punte ten gunste daarvan om Mangray Vervoerders te gebruik.

(2)

- 3.2.4 **Verwys na Inligting C en G.**

Twee van die verkoopsassistentes is nabye familieleden van Donny en Marie. Die verkoopsbestuurder is bekommerd dat hulle altyd afwesig by die werk is en die ander assistente kla hieroor. Doen 'n berekening om sy bekommernis te regverdig. Verskaf EEN punt.

(4)

- 3.2.5 **Verwys na Inligting G.**

Die verkoopsassistentes was ontevrede met hulle verhogings in Junie. Verskaf EEN rede vir hulle ontevredenheid. Haal syfers aan om hulle ontevredenheid te staaf.

(4)

b.o.

- 3.2.6 'n Lid van die tender komitee van die plaaslike hospitaal het aangebied om tydens die tender proses vir Osborne Bedrywighe as verskaffer van skoonmaakmiddels en skoonmaakprodukte ten bedrae van R1 250 000 aan te beveel. Hy sal dit egter slegs doen indien Donny R35 000 aan hom betaal om die ander komiteede te oorreed.

Gee raad aan Donny en Marie in dié verband. Noem TWEE punte.

(4)

INLIGTING:

A. Verkope en debiteure

- Die totale verkope vir die tydperk 1 Maart 2023 tot 30 Junie 2023:

	MAART	APRIL	MEI	JUNIE
Werklik	6 900 000	7 500 000		
Begroot			7 850 000	8 000 000

- 75% van alle verkope is op krediet.
- Op grond van ervaring, betaal debiteure soos volg:
 - 60% in die maand van verkope, minus 'n 4% korting
 - 30% in die maand wat volg op die maand van verkope
 - 8% twee maande na die maand van verkope
 - Die res moet as oninbaar afgeskryf word.

B. Aankope en krediteure

- Die onderneming maak gebruik van 'n vaste voorraad basis, d.w.s. voorraad wat in 'n maand verkoop word, word aan die einde van die maand vervang.
- Winspersentasie op kosprys is 25%.
- 80% van alle voorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure word in die maand na die aankope betaal om sodoende te kwalifiseer vir 'n 2% afslag.

C. Salarisse en lone

- Die onderneming het 1 verkoopsbestuurder in diens.
- Die onderneming het ook 5 verkoopsassistenten en hulle verdien almal dieselfde basiese salaris.
- Behalwe vir die basiese salaris, verdien die verkoopsassistenten ook kommissie van 1% elk vir alle verkope hoër as die begrote verkope vir daardie maand. Kommissie word in dieselfde maand betaal.

D. Motorvoertuie en afleweringskostas

- Die onderneming beplan om 'n afleweringsvoertuig op 1 Mei 2023 aan te koop. Die onderneming het in die verlede alle aflewerings aan Mangray Vervoerders uitgekonnekteer.
- 'n 20% deposito sal op 1 Mei 2023 betaal word en die balans sal in gelyke maandelikse paaiemente van R4 500 oor vier jaar vanaf Junie 2023 betaal word.

E. Osborne Bedrywighede gaan 'n addisionele lening teen 15% p.j. aangaan.

F. **Uittreksel van die Kontantbegroting vir die twee maande geëindig 30 Junie 2023:**

	MEI	JUNIE
TOTALE ONTVANGSTES	?	?
Kontantverkope	(i)	2 000 000
Ontvangstes van debiteure	?	?
Lening		20 000
Huurinkomste		
TOTALE BETALINGS	?	?
Kontantaankope	1 256 000	(ii)
Betalings aan krediteure	(iii)	4 923 500
Salaris – bestuurder	10 000	10 000
Salaris – verkoopsassistent	22 500	22 500
Kommissie – verkoopsassistent	7 500	8 500
Lone – skoonmaker	8 000	8 000
Deposito op afleweringsvoertuig	(iv)	0
Voertuig paaiement	0	4 500
Afleweringsuitgawes (Mangray Vervoerders)	28 500	28 500
Rente op lening	2 250	(v)
Diverse uitgawes	2 500	2 500

G. Donny en Marie het die begrote en werklike syfers vir Junie 2023 vergelyk.

	Begroot	Werklik
Verkope	8 000 000	9 700 000
Betalings aan krediteure	4 923 500	4 923 500
Afleweringensuitgawes (Mangray Vervoerders)	28 500	0
Salaris – verkoopsassistentente	22 500	23 400
Kommissie – verkoopsassistentente	8 500	?
Salaris – bestuurder	10 000	10 800
Bestuurder en assistent bestuurder – salarisse	0	29 800

VRAAG 4: VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE KONTROLE (35 punte; 25 minute)**4.1 JONAS KOUSE MAATSKAPPY**

Inligting rakende Jonas Kouse Maatskappy word aan jou voorgelê. Die onderneming behoort aan Jonas Nkuna en hy verkoop drukkouse vir atlete.

Huidiglik gebruik die onderneming die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode om voorraad te waardeer.

GEVRA:

4.1.1 Bereken die volgende op 31 Maart 2023:

- Waarde van die slotvoorraad (Gebruik die EIEU metode) (6)
- Voorraadhouding tydperk in dae (Gebruik slotvoorraad) (3)

4.1.2 Jonas Nkuna vermoed dat kouse uit sy winkel gesteel word ten spyte van sekuriteitskameras wat geïnstalleer is en deeglike verdeling van pligte wat geïmplementeer is.

- Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf. (6)
- Wat kan Jonas doen om die interne kontrole van voorraad te verbeter? Noem TWEE punte. (4)

4.1.3 Jonas het besluit om voorraad in Februarie te koop, terwyl sy aankoper met verlof was. Jonas het goedkoper kouse gesien en dit aangekoop. Verduidelik, met bewyse, waarom dit nie 'n goeie idee was om goedkoper kouse te koop nie. (3)

4.1.4 'n Onderzoek het bevind dat Jonas se broer (die bestuurder van die voertuie by die winkel) 180 paar kouse teen personeelprys aangekoop het en het dit toe aan sy maraton spanmaats teen 'n hoër prys verkoop. Dit is teen die maatskappy se beleid vir werknemers om hulle produkte te verkoop.

Wat behoort Jonas aan sy broer te sê wanneer hy dié saak hanteer? Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

Die volgende inligting verskyn in die rekords van Jonas Kouse Maatskappy vir die jaar geëindig 31 Maart 2023.

	EENHEDE	EENHEIDS- PRYS	TOTAAL
Voorraad voorhande – 1 April 2022	1 290	160	206 400
Aankope vir die jaar	16 010		3 040 500
Junie 2022	4 000	180	720 000
September 2022	4 800	195	936 000
November 2022	5 050	210	1 060 500
Februarie 2023	2 160	150	324 000
Terugsendings van Februarie aankope	360	?	?
Voorraad voorhande – 31 Maart 2023	2 900	?	?
Verkope van kouse	14 000		

4.2 INTERNE KONTROLE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Dos Elektronika. Die onderneming het drie takke en hulle verkoop een soort skootrekenaar. Die eienaar is bekommerd dat die syfers 'n aanduiding is dat daar swak interne kontrole en besluitneming in die onderneming plaasvind.

Identifiseer EEN probleem vir elke tak ter sprake. Haal syfers aan. In ELKE geval gee advies om die probleem op te los.

(9)

INLIGTING:

Inligting uit die rekords vir die finansiële jaar:

	KZ-N	WK	GP
Beginvoorraad (eenhede)	120	250	400
Eenhede aangekoop	860	1 550	2 750
Eenhede verkoop	885	1 200	2 900
Eenhede volgens fisiese voorraadopname aan die einde van die jaar	70	600	250
Verkoopprys per eenheid	R6 200	R7 200	R6 500
Totale verkope (EFO en kontant deposito's)	R5 487 000	R8 640 000	R17 875 000

GRAAD 12 REKENINGKUNDE – FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwhiteit
(Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersektiwiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwhiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
Nota: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2023

10712

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2**

ANTWOORDBOEK

12 bladsye

NAAM VAN LEERDER: _____

NAAM VAN SKOOL: _____

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	LEERDER SE PUNTE
1	BTW en Bankversoening	35	
2	Koste Rekeningkunde	40	
3	Kontantbegroting	40	
4	Voorraadwaardasie en Interne kontrole	35	
TOTAAL		150	

VRAAG 1

1.1 BTW

1.1.1

	BEREKENINGE	ANTWOORD
(a)		
(b)		
(c)		

8

1.1.2

Adviseer Dan wat hy moet doen. Verskaf EEN punt.

2

1.2 BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

1.2.1

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
Bedrag	Bedrag
Voorlopige totaal R610 400	Voorlopige totaal R568 300

11

1.2.2 Bereken die Bankrekening saldo op 30 Junie 2023.

BEREKENINGE	ANTWOORD

4

1.2.3 BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 Junie 2023

	DEBIET	KREDIET

8

1.2.4 Die ouditeur het probleme ten opsigte van deposito's geïdentifiseer. Verduidelik en haal EEN bewys aan.

--

2

PUNTE

35

VRAAG 2

2.1 KONSEPTE

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	

3

2.2 JC ELEKTRONIKA

2.2.1 Bereken: Direkte arbeidskoste

Foutiewe totaal voor aansuiwerings	1 132 030

4

Bereken: Fabrieksbokoste	
Fabrieksbokoste saldo	356 310

12

2.2.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2023

Direkte materiaalkoste	
Direkte arbeidskoste	
Primêrekoste	
Fabrieksbokoste	
Totale produksiekoste	3 971 120

4

2.3 BESWANA VERVAARDIGERS

2.3.1 Identifiseer die produksiekoste wat die grootste probleem met die vervaardiging van handsakke veroorsaak het. Verduidelik en haal syfers aan jou antwoord te staaf.

Gee TWEE moontlike, praktiese oplossings aan Beswana Vervaardigers.

6

2.3.2 Verwys na die boekhouer se berekening van veranderlike koste per eenheid vir selfoonsakkies.
Gee TWEE redes vir die afname in die direkte materiaalkoste.

4

2.3.3 Doen 'n berekening om te bewys dat die 2023 gelykbreekpunt van 51 021 eenhede vir selfoonsakkies, inderdaad korrek is.

3

2.3.4 Lewer kommentaar op die produksievlakke van selfoonsakkies. Behoort Beswana Vervaardigers tevrede te wees met die produksievlak behaal in 2023 vergeleke met 2022? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

4

PUNTE

40

VRAAG 3

3.1 KONSEPTE

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	

3

3.2 OSBORNE BEDRYWIGHED

3.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk 1 Mei 2023 tot 30 Junie 2023.

	Krediet verkope	Mei	Junie
Maart	5 175 000	414 000	
April	5 625 000		
Mei	5 887 500		
Junie			3 456 000
Ontvangstes van Debiteure			

8

3.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (i) tot (v) in die Kontantbegroting vir Mei 2023 en Junie 2023.

	Berekeninge	Antwoord
(i)		
(ii)		
(iii)		
(iv)		
(v)		

15

3.2.3 Marie het vir Donny oortuig om 'n aflewerings voertuig op 1 Mei 2023 aan te koop. Donny het ingestem maar hy verkies om die dienste van Mangray Vervoerders te gebruik, aangesien hulle onbeperkte kilometers teen 'n vastetermynkontrak aanbied.

Noem TWEE punte ten gunste daarvan om Mangray Vervoerders te gebruik.

2

3.2.4 Twee van die verkoopsassistent is nabye familieledes van Donny en Marie. Die verkoopsbestuurder is bekommerd dat hulle altyd afwesig by die werk is en die ander assistente kla hieroor.

Doen 'n berekening om sy bekommernis te regverdig.

BEREKENINGE	ANTWOORD

Verskaf EEN punt.

4

3.2.5 Die verkoopsassistent was ontevrede met hulle verhogings in Junie. Verskaf EEN rede vir hulle ontevredenheid. Haal syfers aan om hulle ontevredenheid te staaf.

4

3.2.6 'n Lid van die tender komitee van die plaaslike hospitaal het aangebied om tydens die tender proses vir Osborne Bedrywighe as verskaffer van skoonmaakmiddels en skoonmaakproduksie ten bedrae van R1 250 000 aan te beveel. Hy sal dit egter slegs doen indien Donny R35 000 aan hom betaal om die ander komiteelede te oorreed.

Gee raad aan Donny en Marie in dié verband. Noem TWEE punte.

4

PUNTE
40

VRAAG 4

4.1 JONAS KOUSE MAATSKAPPY

4.1.1 Bereken: Waarde van die slotvoorraad (Gebruik EIEU)

BEREKENINGE	ANTWOORD

6

Bereken: Voorraadhouding tydperk in dae (Gebruik slotvoorraad)

BEREKENINGE	ANTWOORD

3

4.1.2 Jonas Nkuna vermoed dat kouse uit sy winkel gesteel word ten spyte van sekuriteitskameras wat geïnstalleer is en deeglike verdeling van pligte wat geïmplementeer is.

Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf.

BEREKENINGE	ANTWOORD

6

Wat kan Jonas doen om die interne kontrole van voorraad te verbeter? Noem TWEE punte.

--

4

4.1.3

Jonas het besluit om voorraad in Februarie te koop, terwyl sy aankoper met verlof was. Jonas het goedkoper kouse gesien en dit aangekoop. Verduidelik, met bewyse, waarom dit nie 'n goeie idee was om goedkoper kouse te koop nie.

3

4.1.4

'n Onderzoek het bevind dat Jonas se broer (die bestuurder van die voertuie by die winkel) 180 paar kouse teen personeel prys aangekoop het en het dit toe aan sy maraton spanmaats teen 'n hoër prys verkoop. Dit is teen die maatskappy se beleid vir werknemers om hul produkte te verkoop.

Wat behoort Jonas aan sy broer te sê wanneer hy dié saak hanteer?
Verskaf TWEE punte.

4

4.2 INTERNE KONTROLE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Dos Elektronika. Die onderneming het drie takke en hulle verkoop een soort skootrekenaar. Die eienaar is bekommerd dat die syfers 'n aanduiding is dat daar swak interne kontrole en besluitneming in die onderneming plaasvind.

Identifiseer EEN probleem vir elke tak ter sprake. Haal syfers aan. In ELKE geval gee advies om die probleem op te los.

Takke	Probleem Syfer/s	Advies
KZ-N		
WK		
GP		

9

PUNTE
35

TOTAAL: 150

EINDE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2023

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 2 (10712)

12 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui is in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om tussen die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
9. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word. Indien 'n metodepunt toegeken is, word dit as 'een deel korrek beskou'.
10. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller en noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
12. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

VRAAG 1

1.1 BTW

1.1.1

	BEREKENINGE	ANTWOORD
(a)	16 800 + 2 520	19 320 ✓
(b)	379 500 ✓ x 15/115 ✓	49 500 ✓
(c)	een punt een punt 821 000 – 10 200 810 800 ✓✓ x 15/100 ✓ OF (821 000 x 15/100) 123 150 twee punte – 1 530 een punt	121 620 ✓ een deel korrek

8

1.1.2

Adviseer Dan wat hy moet doen. Verskaf EEN punt.

Enige EEN geldige punt ✓✓

- Hy moet op 'n brondokument aandrang.
- Sê vir Dan hy moet hom weerhou van onetiese praktyke.
- Stel die SAID in kennis./ Hy het nie BTW van R6 000 of R5 218 verklaar nie / Hy verklaar nie al sy inkomste nie.
- Hy moet aandrang om BTW te betaal, aangesien hy dit kan terug eis.
- Die SAID sal nie die vergunning vir terugsendings toestaan nie.

2

1.2

BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

1.2.1

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL		KONTANTBETALINGSJOERNAAL	
Besonderhede	Bedrag	Besonderhede	Bedrag
Voorlopige totaal	R610 400	Voorlopige totaal	R568 300
(14 350 - 13 450)	900 ✓✓	(22 420 - 12 420)	10 000 ✓✓
	108 ✓		890 ✓
	42 200 ✓		25 100 ✓
(7 860 + 7 860) een punt een punt	15 720 ✓✓		6 000 ✓
	669 328		610 290

11

-1 (maks -1) vreemde/oorbodige items (slegs indien die punt elders vir dieselfde bedrag toegeken is).
 Verseker dat kandidate nie vol punte verdien ten spyte van insluiting van verkeerde syfers nie

1.2.2

Bereken die Bankrekening saldo op 30 Junie 2023.			
BEREKENINGE			ANTWOORD
Sien KOJ Sien KBJ 65 000✓ + 669 328 ☒ – 610 290 ☒ OF 59 038 twee m. punte		65 000 669 328 610 290	124 038 ☒ Een deel korrek

4

1.2.3

BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 Junie 2023			
	Alternatief	DEBIET	KREDIET
Saldo volgens bankstaat	120 165	Balanserende syfer, kan Dt wees	120 165 ☒
Krediteer uitstaande deposito	10 000		10 000 ☒
Krediteer regstelling van fout	3 121		3 121 ☒
Debiteer uitstaande EFO 188	(6 780)	6 780 ☒	
EFO 189	(2 468)	2 468 ☒	
Saldo volgens bankrekening	124 038	124 038 ☒ Sien 1.2.2	Moenie R65 000 aanvaar nie
Beide totale moet dieselfde wees		133 286 ☒	133 286

8

-1 (maks -1) vreemde/oorbodige items (slegs indien die punt elders vir dieselfde bedrag toegeken is).
 Verseker dat kandidate nie vol punte verdien ten spyte van insluiting van verkeerde syfers nie

1.2.4

Die ouditeur het probleme ten opsigte van deposito's geïdentifiseer. Verduidelik en haal EEN bewys aan.	
Geldige verduideliking ☒	Bewys ☒
Verduideliking: - Oorrol van kontant "Rolling of cash" /moontlikheid van diefstal - Deposito's word nie betyds gedoen nie/Laat deposito's Bewys: - Bedrag van R10 000 word vermis. - Deposito van R22 420 (9 Junie)	

2

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 2

2.1 KONSEPTE

2.1.1	Direkte materiaalkoste ✓
2.1.2	Verkoops en verspreidingskoste ✓
2.1.3	Veranderlike ✓

3

2.2 JC ELEKTRONIKA

* een deel korrek

2.2.1 Bereken: Direkte arbeidskoste

Foutiewe totaal voor aansuiwerings	1 132 030
Verkoopspersoon kommissie	(8 575) ✓
Produksie werkers 225 x 25 OF 72 000 – 66 375	5 625 ✓✓*
insluitende 1 132 030	1 129 080 ✓*

4

Bereken: Fabrieksboekoste	
Fabrieksboekoste saldo	356 310
Water en elektrisiteit 110 500 x 90% OR 110 500 – 11050	99 450 ✓✓
Huuruitgawe (133 100 + 12 100) ✓ x 600/1 500 ✓ OF 145 200 – 87 120	58 080 ✓*
Versekering 8 400 x 3/2 OF 8 400 + 4 200	12 600 ✓✓
Indirekte materiaal 11 400 x 80/20 OF 57 000 – 11 400	45 600 ✓✓*
Waardevermindering: fabriekstoerusting 412 500 – 242 500	170 000 ✓✓
insluitende 356 310	742 040 ✓*

12

2.2.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2023

Direkte materiaalkoste	
Direkte arbeidskoste	
Primêrekoste	
Fabrieksboekoste	
Totale produksiekoste	3 971 120
Goedere in bewerking voorraad (begin van jaar)	260 000 ✓
	4 231 120
Goedere in bewerking voorraad (einde van jaar) bewerking	(146 120) ✓#
Totale koste van produksie van klaarprodukte voorraad 23 750 x 172	4 085 000 ✓✓

4

#ignoreer hakies

2.3 BESWANA VERVAARDIGERS

2.3.1

Identifiseer die produksiekoste wat die grootste probleem met die vervaardiging van handsakke veroorsaak het. Verduidelik en haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

Produksiekoste ✓ Verduideliking: neiging en syfer/s ✓

Direkte arbeidskoste

Velhoog met (van R60) tot R75 / R15 / 25%)

Gee TWEE moontlike, praktiese oplossings vir Beswana Vervaardigers.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

- Lei werkers op om meer effektief te werk.
- Verminder oortyd/Kontroleer werksure.
- Beperk verhogings in produksielone tot inflasiekoers.
- Verhoog meganisasie / outomatiseer take.
- Betaal volgens produktiwiteit.
- Bied voordele aan werknemers aan.
- Beloon top presterende werknemers / spanne.
- Kruisopleiding van werknemers.
- Stel haalbare doelwitte.

6

2.3.2

Verwys na die boekhouer se berekening van veranderlike koste per eenheid vir selfoosakkies:

Gee TWEE redes vir die afname in die direkte materiaalkoste.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

- Hulle het 'n goedkoper versaffer gevind/ plaaslike versaffer van direkte materiaal (spaar geld op aflewingskoste/ doane en aksyns belastinge / invoerkoste) / onderhandel vir korting vir grootmaat aankope.
- Werkers is behoorlik opgelei om vermorsing van direkte materiaal te verminder./Beter kwaliteit materiaal is aangekoop wat vermorsing verminder het.
- Daar is beter beheer en kontrole tydens uitreiking van materiaal aan werkers / effektiwiteit tydens produksie.
- Goedkoper vervoerkoste.

4

2.3.3

Doen 'n berekening om te bewys dat die 2023 gelykbreekpunt van 51 021 eenhede vir selfoosakkies, inderdaad korrek is.

R2 500 000 ✓

90 ✓ – 41 ✓

R49 twee punte

een punt vir slegs R2 500 000 (as 'n enkelstaande syfer) dus, enige aansuiwering (+;-;x) tot hierdie syfer, sal die teller foutief maak.

3

2.3.4

Lewer kommentaar op die produksievlakke van selfoonsakkies. Behoort Beswana Vervaardigers tevrede te wees met die produksievlak behaal in 2023 vergeleke met 2022? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

Verduideliking ✓✓ (moet vergelyking tussen produksie en GBP vir beide jare, insluit)
Vergelykende syfers ✓✓ (beide jare)

Antwoord vir vier punte:

- In 2022 het Beswana 'n wins op 7 368 eenhede gemaak teenoor 2023 wat 'n wins op 18 979 eenhede getoon het.

OF

- Beswana het meer wins in 2023 gemaak aangesien die produksievlakke van 70 000 eenhede die gelykbreekpunte van 51 021 eenhede oorskry het vergeleke met 2022 toe 60 000 eenhede vervaardig is teenoor die gelykbreekpunt van 52 632 eenhede.

OF

- Beswana het meer wins in 2023 as in die vorige jaar getoon. In 2023 het hulle 'n wins op 11 611 meer eenhede as in 2022 gemaak.

Antwoord vir twee punte:

- In 2022 het Beswana 60 000 eenhede geproduseer en in 2023 het hulle 70 000 eenhede vervaardig.
- Hulle het 10 000 meer eenhede gemaak en verkoop in 2023 as in 2022.
- In 2023 het hulle 'n wins op 18 979 eenhede gemaak.
- In 2022 het hulle wins op 7 368 eenhede gemaak.
- GBP het verbeter van 52 632 tot 51 021/ met 1 611.

4

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

3.1 KONSEPTE

3.1.1	Vals ✓
3.1.2	Waar ✓
3.1.3	Vals ✓

3

3.2 OSBORNE BEDRYWIGHEDDE

3.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk 1 Mei tot 30 Junie 2023.

-1 (maks -1) vir oorbodige inskrywing in die gekleurde blokke; verbeur metode punt vir die totale

	Krediet verkope	Mei	Junie
Maart	5 175 000	414 000	
April	5 625 000	1 687 500 ✓	450 000 ✓
Mei	5 887 500	3 391 200 ✓✓	1 766 250 ✓
Junie	6 000 000 ✓✓		3 456 000
Ontvangstes van Debiteure		5 492 700	☑ 5 672 250

vir beide totale. EEN deel korrek

8

3.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (i) tot (v) in die Kontantbegroting vir Mei en Junie 2023.

* een deel korrek

	Berekeninge		Antwoord
(i)	$7\,850\,000 \times 25\%$ OF $7\,850\,000 - 5\,887\,500$	2	1 962 500 ✓✓
(ii)	$(8\,000\,000 \times \frac{100}{125})$ $6\,400\,000 \times \frac{20}{100}$ OF $6\,400\,000 - 5\,120\,000$	2	1 280 000 ✓☑*
(iii)	$(7\,500\,000 \times \frac{100}{125})$ $6\,000\,000 \checkmark \times \frac{80}{100} \checkmark \times \frac{98}{100} \checkmark$ OF $4\,800\,000 - 96\,000$	4	4 704 000 ☑*
(iv)	$(4\,500 \times 48)$ $216\,000 \checkmark \times \frac{20}{80} \checkmark$ OF $4\,500 \times 12$	3	54 000 ☑*
(v)	$20\,000 \times \frac{15}{100} \times \frac{1}{12}$ $250 \checkmark \checkmark$ $2\,250 \checkmark$	4	2 500 ☑*

15

3.2.3

Marie het vir Donny oortuig om 'n afleverings voertuig op 1 Mei 2023 aan te koop. Donny het ingestem maar hy verkies Mangray Vervoerders aangesien hulle onbeperkte kilometers teen 'n vaste termyn kontrak aanbied. Noem TWEE punte ten gunste daarvan om Mangray Vervoerders te behou.

Enige twee voorstelle ✓ ✓

- Dit verbeter die fokus op die kernbesigheid van die onderneming.
- Dit bespaar op voertuiguitgawes (onderhoud/brandstof).
- Dit bespaar op finansieringskoste (rente op lening).
- Dit verminder bedryfskoste/Verlaag arbeidskoste.
- Die uitkontraktering van die afleverings maatskappy is minder as dit waarvoor begroot is.
- Dit is makliker om voor te begroot (vaste kontrakbedrag).
- Daar is geen onderbrekings of ekstra kostes as gevolg van werkers wat byvoorbeeld op siekverlof is nie.
- BTW-insette kan van die SAID geëis word.

2

3.2.4

Twee van die verkoopsassistentente is nabye familielede van Donny en Marie. Die verkoopsbestuurder is bekommerd dat hulle altyd afwesig by die werk is en ander assistente kla hieroor.

Doen 'n berekening om sy bekommernis te regverdig.

BEREKENINGE	ANTWOORD
$\frac{(1\,700\,000 \times \frac{1}{100})}{17\,000 \times 5}$	85 000 ✓ ☒ indien x 5

Verskaf EEN punt.

EEN geldige punt ✓ ✓

syfers nie noodsaaklik nie

Alle verkoops assistente sal in die kommissie verdien deel, ongeag of sommige afwesig is van werk. (R85 000 / R17 000 elk).

4

3.2.5 **Die verkoopsassistent was ontevrede met hulle verhoging vir Junie. Verskaf EEN rede vir hulle ontevredenheid. Haal syfers aan om hulle ontevredenheid te staaf.**

Vergelyking tussen die verkoops assistent en die verkoopsbestuurder ✓✓ syfers ✓ ✓

Die verkoopsassistent ontvang 'n 4% $\left(\frac{23\,400 - 22\,500}{22\,500}\right)$ verhoging teenoor die verkoopsbestuurder wat 'n 8% $\left(\frac{10\,800 - 10\,000}{10\,000}\right)$ ontvang.

OF

Vergelyking met huidige inflasie koers.

4

3.2.6 **'n Lid van die tender komitee van die plaaslike hospitaal het aangebied om tydens die tender proses vir Osborne Bedrywighede as verskaffer van skoonmaakmiddels en skoonmaakprodukte ten bedrae van R 1 250 000 aan te beveel. Hy sal dit egter slegs doen indien Donny R35 000 aan hom betaal om sodoende ander komitee lede te oorreed.**

Gee raad aan Donny en Marie in dié verband. Noem TWEE punte.

Enige twee voorstelle ✓✓ ✓✓

- Hierdie is in werklikheid omkoperij en dis oneties.
- Osborne Bedrywighede sal besigheidsgeleenthede verloor indien die inligting aan die publiek bekend word.
- Indien hierdie aan die publiek bekend word, sal hulle die tender verloor en hulle sal die geld moet terugbetaal.
- Donny en Marie moet 'n formele tender by die plaaslike hospitaal inhandig om die kontrak deur die normale prosedures te bekom.
- Dit kan die uitkomst belemmer en die onderneming kan geëskaap word.
- Dit is onwettig en die onderneming kan verhoed word om verder handel te dryf.

4

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 4

4.1 JONAS KOUSE MAATSKAPPY

4.1.1

Bereken: Waarde van die slotvoorraad (Gebruik EIEU)	
BEREKENINGE	ANTWOORD
$2\,160 - 360$ $1\,800 \checkmark \times R150 \checkmark$ 270 000 twee punte Indien beide eenhede se totaal tot 2 900 optel $2\,900 - 1\,800$ $1\,100 \checkmark \checkmark \times R210 \checkmark$ 231 000 drie punte OF $(324\,000 - 54\,000) + (1\,060\,500 - 829\,500)$	501 000 ☒ een deel korrek

6

Bereken: Voorraadhouing tydperk in dae (Gebruik slotvoorraad)	
BEREKENINGE	ANTWOORD
$\frac{2\,900 \checkmark}{14\,000 \checkmark} \times 365$	75,6 dae ☒ Indien een deel korrek en vermenigvuldig met 365
sien 4.1.1 een m. punt $\frac{501\,000}{2\,691\,900}$ x 365 een punt	67,9 dae Indien een deel korrek en vermenigvuldig met 365

3

4.1.2

Jonas Nkuna vermoed dat kouse uit sy winkel gesteel word ten spyte van sekuriteitskameras wat geïnstalleer is en deeglike verdeling van pligte wat geïmplementeer is. Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf.	
BEREKENINGE	ANTWOORD
$(16\,010 - 360)$ $1\,290 \checkmark + 15\,650 \checkmark \checkmark - 2\,900 \checkmark - 14\,000 \checkmark$	40 pare ☒ een deel korrek

6

Wat kan Jonas doen om die interne kontrole rakende voorraad te verbeter? Noem TWEE punte.

Twee geldige punte ✓✓ ✓✓

- Doen gereeld voorraadopnames.
- Sit sekuriteits pryskaartjies op die kouse.
- Voorsien veilige vertoonkabinette vir die voorraad.
- Verbeter die sekuriteit by die uitgange/inspekteer die items en gaan verkoopstrokies na.
- Koop in kleiner hoeveelhede/meer gereeld.

Moet nie verdeling van pligte/sekuriteitskamas/CCTV aanvaar nie.

4

4.1.3

Jonas se aankoper was tydens Februarie met verlof toe hy besluit het om die voorraad te koop. Hy het goedkoper kouse gesien en dit aangekoop. Verduidelik, met bewyse waarom dit nie 'n goeie idee was om goedkoper kouse te koop nie.

Een geldige punt ✓✓ syfer ✓

- Die terugsendings aan die verskaffer het vermeerder (van 0) tot 360.
- 2 160 voorraad is te veel en dis 'n nuwe produk vir die klante. -
- Hoë vlakke van voorraad voorhande, 2 900 Kouse vergeleke met 1 290 (1 610) van die vorige jaar.

3

4.1.4

'n Onderzoek het bevind dat Jonas se broer (die bestuur van die voertuie by die winkel) 180 paar kouse teen personeel prys aangekoop het en dit toe aan sy maraton spanmaats teen 'n hoër prys verkoop het. Dit is teen die maatskappy se beleid vir werknemers om hul produkte te verkoop.

Wat behoort Jonas aan sy broer te sê wanneer hy die saak hanteer? Verskaf TWEE punte

Twee geldige punte ✓✓ ✓✓

Ken deelpunte toe vir onvolledige antwoord

- Dit is oneties en die onderneming verloor sy verwagte winste.
- 'n Konflik situasie mag ontstaan indien die kliënt die kouse wil terugbring.
- Werknemers kan voor 'n dissiplinêre verhoor gedaag word.

4

4.2 INTERNE KONTROLE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Dos Elektries. Die onderneming het drie takke en hulle verkoop een soort skootrekenaar. Die eienaar is bekommerd dat die syfers 'n aanduiding is dat daar swak interne kontrole en besluitneming in die onderneming plaasvind.

Identifiseer EEN probleem vir elke tak. Haal syfers aan. In ELKE geval gee advies om die probleem op te los.

Takke	Probleem ✓ ✓ ✓ Syfer/s ✓ ✓ ✓	Advies ✓ ✓ ✓
KZN	25 skootrekenaars is gesteel - Verlies aan inkomste, R155 000	- Gereelde voorraadopnames - Verbeter fisiese sekuriteit/Kontroleer by die uitgange / Installeer kameras. - Senior bestuurders moet die vrystelling van die rekenaars magtig.
WK	$600/1\ 200 \times 12 = 6$ maande; stadig verkopende voorraad - Slegs 67% van beskikbare voorraad is verkoop 1 200/1 800 - Te veel voorraad voorhande 600	- Verminder die verkoopprijs. - Oorweeg nuwe bemarkings metodes/ meer advertensies. - Bestel volgens klante se bestellings.
GP	R975 000 word vermis /150 skootrekenaars is verkoop, maar die kontant is nie gedeponeer nie / Totale verkope is R18 850 000 maar slegs R17 875 000 is gedeponeer	- Moedig kliënte aan om met EFO's te betaal. - Versoek die bank vir bevestigende kennisgewings vir alle transaksies. - Maak van sekuriteits firmas gebruik om die geld te deponeer. - Verdeling van pligte

9

TOTALE PUNTE

35

TOTAAL: 150